# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 234
17 Januarie 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel: Wat is jou storie?**
**Berigte: Lewensbrood 2025**
**Hofsaak: Regsrekening**
**GHG Bestuur**
**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Wat is jou storie?**

Wat is die waarheid? Wat is die feite? Is dit moontlik om die volle waarheid te ken? Is dit moontlik om al die feite te kan hê?

Hierdie is nie die begin van ‘n argument ten gunste van relativisme nie. Hierdie is die begin van ‘n voorloper tot ‘n gesprek oor die objektiewe waarheid. Dit het nie ten doel om antwoorde te gee nie. Geen poging gaan aangewend word om volledige argumente te bied nie. Ons moet die gesprek iewers begin en dan is die volgende perspektief van groot belang vir die gesprek:

Ons as mense leef in ‘n al hoe meer kompleks-wordende wêreld. Die tempo waarteen inligting verdubbel, voorspel oomblikke waar ons totaal oorweldig kan word deur die tsunami’s van inligting. Soos dit is, is ons klaar in ‘n komplekse bestaan vasgevang, met sekere hanterings meganismes wat ons help om kop bo water te hou.

Elke dag bestaan uit amper negentig duisend sekondes, elke sekonde gevul met gebeurtenisse. Teen ouderdom vyf en dertig het ons al ‘n biljoen (miljoen-miljoen) sekondes belewe. Gelukkig slaap ons ‘n deel van daardie tyd, maar wat tydens ons slaap gebeur, het ook ‘n impak op ons, selfs al neem ons nie aktief deel nie.

Dit is amper onmoontlik om alles wat gebeur, te onthou. Om elke wakende oomblik, elke gesprek, elke gebeurtenis in die fynste detail te onthou, is geen mens beskore nie. So baie van die gebeurtenisse is nie sinvol aan mekaar te koppel nie. Nie elke gebeurtenis is ewe belangrik nie. Nie elke gebeurtenis verdien om onthou te word nie. Voeg ons nou die mense rondom ons by hierdie sommetjie, word die situasie logaritmies meer kompleks.

Wat doen ons? Ons kies om sekere gebeurtenisse op die voorgrond te stel, ons kies om sekere gebeurtenisse aan mekaar te koppel. Die *pons asinorum* (donkie brug) wat ons gebruik, is die strategie van ‘n **narratief skep**.

‘n Narratief is ‘n gesproke of geskrewe weergawe van gebeurtenisse wat met mekaar in verband staan of met mekaar in verband geplaas word; dit is ‘n storie wat in groot detail vertel wat gebeur het sodat iets of iemand beter geken of verstaan kan word. Dit poog om sin te maak van die data tot jou beskikking.

In die sielkunde en die filosofie het navorsers agtergekom dat dit by uitstek die beste manier is om iets te onthou of om van iets sin te maak. Inteendeel, dit is ‘n aktiwiteit waarmee die meeste van ons besig is. In formele terme sou ons jou

narratief jou *curriculum vitae* kon noem – in storie-vorm. Elkeen van ons het 'n eie lewensverhaal, 'n eie narratief. Ons onthou nie net die gebeurtenisse wat in ons narratief die opwagting maak nie, maar dit is wat ons die beste onthou. Ons narratief kan natuurlik verander word deur ander gebeurtenisse by te voeg of te vervang.

Elke narratief is met ander woorde geskiedenis, vir die meeste gekoppel aan werklik aanduibare gebeurtenisse. Dit is moontlik om twee of meer narratiewe oor dieselfde insident aan te bied sonder dat die een die ander ophef, elkeen met 'n eie perspektief. Narratiewe gebou op die werklikheid kan mekaar aanvul en selfs versmelt word tot 'n groter narratief wat meer perspektiewe bied.

Deur ons lewens is ons besig om ons eie narratief te lewe. Ons kies om sekere insidente te vergeet, ander groter te maak as wat hulle was, en so voorts. Ons probeer sin maak van ons bestaan. Ons koppel ook ons narratiewe aan ander se verhale om die tapisserie van die lewe raak te sien.

Wanneer die media praat van die narratief in terme van 'n politieke insident of iets soortgelyk, verwys hulle na die interpretasie-aanbod wat in daardie voorstelling aangebied word.

Ons ingesteldheid gaan van groot belang wees. Die lewe is nie maanskyn en rose nie, maar 'n rooskleurige bril lewer 'n ander prentjie as 'n donker donkerbril in 'n skemer-kamer. Die bril waardeur ons kyk, gaan medebepaal wat ons kies om in ons narratief in te weef. "*Boerseun stap die straat af, sien hoe rondloper-brak kind aanval. Gryp sy mes en red die seun, hond gaan dood in die reddingspoging. Afrikaanse koerante vertel van brawe boerseun wat kind met net knipmes red van hondsdol brak. Engelse koerant vertel van wrede "Dutchman" wat geliefde troeteldier sinneloos van kant maak*." Hierdie voorbeeld illustreer ook iets van dit wat ons by magte is om te doen. Ons kan kies vir die positiewe verhaal van ons lewens. Ons fokus op dit wat heilsaam was in ons lewens, lei tot ons eie opbouende narratief.

Dit is egter die uitdagende, die moeilike en dreigende aspekte van die lewe wat ons katalisator is tot sinsoeking. Om sin te kan maak van die stukkie chaos wat ons beleef, word ons aangespoor tot aksie. Die uitdaging, ons optrede en die afloop (positief of negatief) word in ons verhaal in borduur.

Net hierdie sin maak van die eie lewe, is reeds kompleks. Nou moet ons nog sin maak van ons omstandighede en sin maak van ons interaksie met die res van die wêreld. Ons moet kennis neem van die diep see van inligting wat verskillende mense gebruik in hulle eie narratief. So gebeur dit dan dat elke gesin 'n eie narratief het, wat inweef in die familie narratief, wat aangelas word aan die omgewing se narratief en al hoe groter wordende mosaïeke van verhale.

Elke gelowige het geloof as deel van die eie narratief. Elke gemeente het 'n eie narratief, binne die groter kerk. Elke geloof het 'n eie kern-narratief wat nie altyd ewe versoenbaar is met die geskiedenis nie. Elke groter narratief het met ander woorde gedeelde "waarhede" wat daardie geloof uniek maak. Tog is nie almal ewe langdurig nie. Elke geloof het momente van waarheid. Die volgende gaan vir relativisme 'n aanvegbare stelling wees: Net die Christelike geloof se kern-waarhede is nie net waar nie, maar sluit ewigheidswaarhede in.

Dit maak hierdie kern-narratief, of meta-narratief vir die wat so wil praat, die belangrikste stuk geskiedenis waaraan ons elkeen ons eie narratief moet koppel en waarvolgens ons elkeen ons eie storie moet ontwikkel en uitleef. Gaan jou storie ook in die ewigheid uitloop? Dr. J Otto

# BERIGTE

## LEWENSBROOD 2025

Lidmate en gemeentes moet kennis neem dat die eksemplare van Lewensbrood 2025 beskikbaar is en reeds vroeg Desember versend is na baie gemeentes toe. Ons dank aan die drukkers wat weer 'n gehalteproduk gelewer het.

## HOFSAAK: REGSREKENING

Gemeentes moet bewus wees dat elke gemeente se regsrekening reeds versend is. U word versoek om die rekening so gou doenlik te betaal. Lidmate wat ons wil ondersteun in ons stryd kan bydraes tot die regsfonds oorweeg.

## GHG BESTUUR

Die bestuur van die GHG vergader weer op 7 Januarie 2025 om enkele sake van belang te bespreek. Die twee-jaarlikse Bondsvergadering sal ook bespreek word en die nodige reëlings vir hierdie vergadering en die Predikante beraad sal getref word en aan gemeentes deurgegee word. Gemeentes word versoek om reeds in die eerste kwart van die jaar beskrywingspunte op te stel en aan die skriba te stuur.


## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
**ella@teamworkprinters.com**